# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Junie 1997 | Vol. 29

# OPE BRIEF AAN DR. BEYERS NAUDÉ
## 'n Evangeliese Antwoord

Dr. Beyers Naudé (emeritus predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika) het saam met vyf ander teoloë 'n ope brief aan alle predikante van alle kerke in Suid-Afrika gestuur (Kyk bl.3). Vanuit die Ekumeniese Advies Buro in Braamfontein het hy en dr. Wolfram Kistner die brief gestuur.

Alhoewel ander die brief ook onderteken het, word hierdie antwoord net aan dr. Naudé persoonlik gerig, aangesien hy hom met die inhoud daarvan vereenselwig. Dit sou maklik wees om dr. Beyers Naudé af te kraak as 'n kommunistiese meeloper en hom doodeenvoudig te ignoreer. Dit kan egter die indruk wek van 'n verleentheid om te reageer op sy uitdagende brief. Hy sê dinge in sy brief wat nie onbeantwoord gelaat mag word nie, veral dat as die brief geïgnoreer word daar, aangeneem word dat "ons onsself vryspreek van alles wat in ons land gebeur het".

Die ope brief kom op drie dinge neer: Eerstens dat hy al die predikante beskuldig dat hulle vir jare die evangelie knus vergeestelik het. Tweedens dat hy alle bedienaars oproep om voor die Waarheids- en Versoeningskomissie skuld daaroor te bely. Derdens om daardie sonde reg te stel deur ekonomiese gelykheid na te streef.

Gereformeerdes is nie skaam om dr. Naudé-hulle te antwoord nie, juis omdat so baie gelowiges deur sy stem verlei kan word om te doen wat hy voorstel. Die groot beswaar teen dr. Naudé is dat hy steeds apartheid behou in sy teologie. Hy sê dat hy die "evangelie van versoening met God en mens in Christus" verkondig, maar as mens na die mens vrugte kyk, sien jy duidelik dat dáár 'n nuwe valse evangelie in die Naam van Christus verkondig word.

Apartheid was 'n verdelingsideologie; tog mag dit nie gehandhaaf word om 'n nuwe verdelingspunt rondom apartheid te behou nie, naamlik dié wat skuld daaroor bely en dié wat weier en dit nog steeds in nuwe vorme verdedig. Apartheid en anti-apartheid mag nie 'n nuwe uitverkiesingsleer word nie. As dit waar sou wees, kan daar net so goed gevra word dat daar 'n verdelingspunt kom oor pro- en anti-kommunisme. Maar geen ideologie mag 'n verdelings- of verenigingspunt word nie - die evangelie, Jesus Christus self, is waar die paaie ineenvloei EN uitmekaar uitgaan. Christus verenig (Mark 2:17) en Hy verdeel (Matt 10:34-37).

Dr. Naudé beskuldig die leraars dat hulle die evangelie vergeestelik het - dat die evangelie van Jesus Christus so gepreek is dat die daaglikse lewe met sy growwe ongeregtighede onaangeroerd gelaat is, solank die mense se siele maar hemel toe gegaan het. Dit is ongetwyfeld so dat apartheid as ideologie ook deur sekere predikante van teologiese leunwerk voorsien is. Maar dit beteken nie dat anti-apartheid nou die nuwe evangelie moet word nie.

Wat moet gereformeerdes doen met hierdie oproep om skuld te bely? Om dit te ignoreer sal nie deug nie. 'n Paar dinge moet uitgewys word:

### Die oorwinnaar se waarheid

* Dit is nog altyd so dat die oorwinnaar in enige stryd ook die magsreg bekom om die "waarheid" daaroor te skryf. En dit is presies wat met hierdie brief van dr. Beyers Naudé gebeur. Dr. Naudé wys uit dat die evangelie nooit vergeestelik mag word

*In hierdie uitgawe:*


* Ope brief aan dr. Beyers Naudé
  - 'n Evangeliese Antwoord ........ 1
  - Dr. Naudé se brief ........ 3
  - 'n Ander mening - Fritz Gaum ........ 4
* Skrifoordenking:
  Wie bewerk die ellende in die Kerk?
  Ds. F.J. Bijzet ........ 5
* Calvyn oor die rol van die owerheid
  Dr. D.F. du Plessis ........ 6
* Die Woestyn- en Babilon-motief
  Dr. C. van der Waal ........ 8
* WIE KAN?
  Prof. Klaas Schilder ........ 10

nie, aangesien dit daartoe lei dat uitwasse nie aangespreek word nie. Maar die doktor betaal 'n duur prys vir sy skuldbelydenis - hy ruil die evangelie in vir 'n sosialistiese evangelie, wat die nuwe "waarheid" geword het. Die nuwe evangelie bely mos (ten onregte volgens Belhar) dat God op 'n besonderse manier aan die armes se kant is. Almal wat nie bereid is om volgens die nuwe anti-apartheid evangelie skuld te bely nie, word beskou as nie ware gelowiges nie wat hulleself "vryspreek van alles wat in ons land gebeur het".

## Valse profeet

Dr. Naudé u is skuldig aan 'n verdraaiing van die evangelie van Jesus Christus. U is skuldig dat u, met goeie bedoelings en al, 'n valse profeet word aangesien u die evangelie verraderlik veraards. Dit is swaar beskuldigings wat darem gestaaf moet word:

* Jesus Christus is die Koning wat alle mag in die hemel en op aarde het (Matt 28:19 ev). Hy is DIE enigste Verlosser wat uitverkore sondaarmense, rykes en armes, met hulle Skepper versoen (Kol 1:20). Hy is die een wat deur sy Heilige Gees die eenheid in die kerk aan die nuwe mensdom gee (Ef 4:4). Dr. Naudé u wil 'n nuwe ekumene, 'n nuwe eenheid, bewerk los van Christus, ten spyte daarvan dat u sê dat u dit in sy Naam doen. Die eenheid wat u voorstaan is dat almal wat teen apartheid is, natuurlik by mekaar hoort. Dit is 'n leuen - en u is die verkondiger daarvan. Almal wat aan Christus behoort, hoort bymekaar (1 Kor. 12:12 ev). Die evangelie is apologeties wat uitwasse uitwys en bestry - ook 'n ideologie soos apartheid - en kommunisme. Maar doktor, die sosialistiese son het u heeltemal blind gemaak vir die son van geregtigheid (Mal 4:2).

* Die vraag aan u is: hoe durf u in die Naam van Jesus Christus gelowiges verlei om juis aan Jesus Christus ongehoorsaam te wees? En verstaan goed - hier word geensins bedoel dat Jesus Christus ideologiese apartheid wil of as die Woord beveel nie. Inteendeel. Hier word ook nie bedoel dat armes nie gehelp moet word nie. Natuurlik - maar die bedoeling moet altyd wees om die Naam van Jesus Christus te laat verkondig en bely.

## Jakkalsstem

* U daag ons uit om ons daartoe te verbind om ons "politieke en sosio-ekonomiese verantwoordelikhede te aanvaar". Vir u behels dit dat die kerk die sosio-ekonomiese ongelykheid in die land moet uitskakel. U noem dit selfs 'n roeping - die heropbou en rekonstruksie van ons samelewing. Maar dis skaapwoorde met 'n jakkalsstem. Een wat maak of hy praat soos die Lam en soos die Lam wil lyk, maar ons hoor by u die skor stem van die draak, van Satan (Open 13:11). Waarom, doktor, hoor ons by u die stem van valse professie? Waarom praat u die sosialiste en kommuniste na? U waarsku dat ons nie net die paradys van eendag mag preek nie - goed - maar waarom volg u die sosialiste wat sê die paradys moet hier en nou volledig gebou word? U is 'n hemelbestormer wat met die glansryke ywer vir die armes die paradys voor die graf wil inruk.

* Die evangelie van die koninkryk mag nóg vergeestelik nóg gematerialiseer word. U bedoeling met die brief verraai u geloof in die evangelie van Anti-Apartheid. U wil my handtekening hê om voor die Waarheids- en Versoeningskommisie voor te lê om 'n nuwe anti-christelike ekumene te bereik. U sê self: "Ons wil ook hierdie oproep rig tot geestelike leiers van ander godsdienste om deel te neem aan hierdie aksie. Daarna sal 'n nasionale konferensie belê word vir almal wat die dokument onderteken het, ten einde die implikasies van ons belydenis verder te bespreek". Doktor hier gaan ons paaie uitmekaar, want u soek 'n Christuslose christendom. Van watter belydenis praat u hier? Aan watter god?

Hoe het en gaan die "geestelike leiers van ander godsdienste" hulle skuld bely? U anti-apartheid ekumene wil selfs die grens tussen gelowe uitwis.

* So word nie bely nie, maar verlei. Los van Christus kan daar van waarheid, versoening, vergifnis, en reformasie (nie rekonstruksie) van die samelewing nie sprake wees nie. En hoe smag die land nie juis nou na daardie suiwerheid nie. U is 'n valse profeet wat christene verlei om te begin bely in die Naam van Christus oor die sonde van apartheid, maar u veroorsaak dat hulle uiteindelik by die afgode eindig. Saam met afgodsdienaars wil u hê dat christene die nuwe mensheid moet bou - die land moet saam met afgode en hulle aanhangers heropgebou word. Verwag u werklik so seën van God? Is dit tot God se eer - die God van Abraham, Isak en Jakob, in wie se Naam die armes van gees die koninkryk van die hemele besit? So mag ons nooit met die heilige God omgaan nie.

## Implikasie van belydenis

* U praat van die "die implikasies van ons belydenis. Dit is die nuwe belydenis saam met die "geestelike leiers van die ander godsdienste". Broeder, (ek mag u seker nog so noem) - die implikasie van u belydenis is afgodery. Moenie dat apartheid u weg van God laat dryf nie - of moet ons nou begin bely dat Christus maar 'n Verlosser, een van baie, is? Hoeveel middelaars deel u EN die "geestelike leiers van ander godsdienste" om die skuld van apartheid te dra? Is Christus nog vir u DIE Weg, DIE Waarheid (ook as dit by die

kommissie kom) en DIE Lewe (Joh 14:6)? U bedoeling begin dalk by God, maar die nuwe ekumene eindig by 'n afskuwelike veelgodedom.

⋆ U ope brief spreek my gewete aan - om die reformasie te laat deurbreek in hierdie donker tyd waarin die sosialiste 'n sonsverduistering bring oor ons land. Laat ons nie een ideologie verruil vir 'n ander nie. Apartheid is 'n ideologie, maar kapitalisme, sosialisme, marxisme en kommunisme is dit ook. Wil u nou hê ons moet afgode verruil? Christus se bloed het ons tog van alle vergrype van ideologieë verlos. U sê dat hierdie skuldbelydenis "ons bevry ... tot groter en getroue diens aan die evangelie van Jesus Christus". God verbied afgodery (Eks 20:2-6). Hierdie "getroue diens" waarvan u praat sal onafwendbaar oorloop in ongebreidelde afgodery en die gelykstelling van God met die gruwelike afgode. Dit is geen Godsdiens nie, maar slawediens aan 'n nuwe ideologie naamlik die valse ekumene van 'n christendom sonder die ware Christus. Daar is baie valse christusse en 'n draakstem verkondig hulle.

## Handtekening vir WVK

⋆ U sal my handtekening nie kry nie want ek sien op die gesigseinder te veel gode lê en loer vir nuwe volgelinge. U sal my handtekening nie kry nie - maar my gebede wel. U brief en hierdie antwoord daarop sal by die wederkoms weer ter sprake kom. U is gewaarsku dat u in hierdie oproep 'n valse profetiese stem laat hoor. Bekeer u van u versoek wat afgodery tot gevolg sal hê. Jesus Christus het self gesê: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van my af, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matt 7:21-24).

U het in die Naam van Jesus Christus die onreg van apartheid bestry. U het in sy Naam ander opgeroep tot 'n skuldbelydenis - 'n nuwe belydenis wat tot afgodery lei. Hoe ironies tog dat u wat ongeregtigheid wou bestry, juis daardeur ongeregtigheid bewerk. U doen u naaste geen diens nie. Met u ope brief het u nie die wil gedoen van ons hemelse Vader nie. Mag die barmhartige en regverdige God met u, voor u graf, en met almal wat deur u verlei gaan word, bekerende genade hê.

**A.L.A. Buys**

⋆⋆⋆⋆⋆

## DR NAUDÉ SE BRIEF:

'n Ope brief aan alle predikante van alle kerke in Suid-Afrika
Aan ons as verkondigers van die Goddelike Woord, is die verantwoordelikheid opge*lê om ten alle tye* die evangelie van versoening met God en ons medemens in Christus te verkondig. Hierdie verantwoordelikheid behels 'n profetiese veroordeling van alle vorme van ongeregtigheid, verdrukking en geweld wat teen enige mens gepleeg word.

By die lees en hoor van wat in Suid-Afrika gebeur het tydens die jare waarin die Nasionale Party die land regeer het, word ons as verkondigers van die Woord gekonfronteer met die vraag: Hoe was dit moontlik dat dit kon gebeur terwyl ons as predikers van versoening, geregtigheid en vrede hierdie boodskap elke Sondag van ons kansels af verkondig het?

Maar die vraag wat ons nog meer verontrus, is die vraag: Hoe is dit moontlik dat diegene wat doelbewus moord en sabotasie teen medelandsburgers gepleeg het, soos tans blyk, lidmate van kerke was en Sondae (self gereeld), eredienste bygewoon het? Was daar niks in ons prediking, liturgie en sakramente wat die gewetens van diegene wat willens en wetens by die dade betrokke was, aangespreek het nie?

Daarom bestaan by ons inderdaad genoegsame rede tot diepe skuldgevoel omdat ons die Evangelie vergeestelik het en selfs verswyg het in so 'n mate dat diegene wat in die regering was en diegene wat regeringsbeleid uitgevoer het, nie aangespreek gevoel het deur ons prediking nie. Ons is skuldig daaraan dat ons die regeerders toegelaat het om die ideologie van gedwonge skeiding ter wille van sogenaamde wet en orde, ongestoord te kon deurvoer sonder 'n verenigende verset deur ons as verkondigers van geregtigheid en vrede. Ons erken en bely dat ons mede-verblind geraak het deur 'n ideologie wat as Bybels-verantwoord, aangebied is. Dit het ons aan die gawe van onderskeiding van die geeste ontbreek omdat ons die gawe nie van harte begeer het nie.

In die lig van bogenoemde feite, wil ons in die openbaar bely dat ons mede-skuldig is aan wat in Suid-Afrika gebeur het. Trouens, ons skuld moet selfs as groter as die van enige ander instansie of persone beskou word. Ons wat die gewete vir die mense van die land moes wees, het nie daarin geslaag om die ergste vorme van gewetensskending aan te spreek nie. Daarom kon die wandade teen mense deur die vernietiging van hulle menswaardigheid en selfs die uitwissing van lewens, vir te lank ongestoord voortduur.

Maar ons skuldbelydenis wil nie vaag en in die algemeen wees nie. Daarom bely ons ons skuld deur ook konkrete voorbeelde te noem van waar ons ontrou was aan die Evangelie. In die eerste plek erken en bely ons dat die lewensomstandighede onder die Nasionale Party-regering vir baie van ons, veral diegene in die Wit gemeenskap, baie gunstig en gerieflik was. Daardeur kon en wou baie van ons die verdrukking en verontregting van miljoene in die land nie sien en hulle noodkrete nie hoor nie en het ons gefaal om tot aksie oor te gaan.

Ons erken en bely verder dat wanneer ons soms wel verontrus geraak het oor die wyse waarop die regering en ander instansies met magsmisbruik voortgegaan het, vrees vir mense - ons lidmate, die veiligheidspolisie en die gevangenis, ons daarvan weerhou het om tot aksie oor te gaan. Daardeur het ons toegelaat dat die kwaad, (met belydende Christene as medewerkers), die vernietigingswerk teen God se mense ongestoord kon voortsit.

In die lig hiervan verbind ons onsself om Christene te vermaan tot waaksaamheid in die toesegging van hulle steun aan politieke leiers en hulle beleid. Ons verbind ons verder daartoe om gelowiges uit te daag om hulle politieke en sosio-ekonomiese verantwoordelikhede te aanvaar.

Ons wil ook regstel wat ons nagelaat het deur die armes en verdruktes in die land aan hulle eie lot oor te laat. Daarom verbind ons onsself tot die taak om Christene op te roep en te begelei tot betrokkenheid by aksies wat die sosio-ekonomiese ongelykheid in ons land sal uitskakel. Hierdie roeping het ons te lank verwaarloos.

Ons verbind ons verder om in hierdie tyd mense te bemoedig met die Evangelie van hoop - juis tans wanneer talle mense sonder hoop is en selfs wanhoop oor die toekoms van ons land. Dit sal ons doen deur die verlange na die vroeëre sogenaamde beter tye te vervang met die drome van nog 'n beter toekoms. Dieselfde Evangelie genoodsaak ons ook om onsself te verbind tot dade van heropbou en rekonstruksie van ons samelewing.

Alhoewel ons erkenning verleen aan alle Bedienaars van die Evangelie wat moedig gestry het in die stryd vir geregtigheid is dit ons hoop dat elke predikant wat hierdie dokument lees, die uitnodiging wat dit tot ons as predikante rig, sal aanvaar - 'n uitdaging wat ons nie weereens opsy mag skuif nie. Ons word verplig om 'n keuse te maak: of ons bely ons skuld sodat ons bevry mag word tot groter en meer getroue diens aan die Evangelie van Jesus Christus, of ons ignoreer hierdie uitdaging om ons skuld te bely en verklaar daarmee dat ons onsself vryspreek van alles wat in ons land gebeur het. Indien u bereid sou wees om u met hierdie skuldbelydenis te vereenselwig en uself bereid verklaar om deel te wees van 'n proses van verenigde aksie tot heling en heropbouing van ons land, stuur dan u reaksie daarop voor die einde Junie na die volgende adres: Ekumenies Advies Buro.

Hierdie dokument sal nadat die handtekeninge ter ondersteuning ontvang is, aan die Waarheids- en Versoeningskommissie voorgelê word en ons spreek die hoop uit dat dit as 'n verenigde reaksie van alle predikante beskou sal kan word. Ons wil ook hierdie oproep rig tot geestelike leiers van ander godsdienste om deel te neem aan hierdie aksie. Daarna sal 'n nasionale konferensie belê word vir almal wat die dokument onderteken het ten einde die implikasie van ons belydenis verder te bespreek.

**Geteken deur: dr. Beyers Naudé, dr. Nico Smit, prof. Cornell du Toit, dr. Nico Botha, ds. Moss Nthala, dr. Tinyiko Sam Maluleke.**

*****

## 'N ANDER MENING...

*Nog reaksie op Dr. Beyers Naudé se brief kom voor in Die Kerkbode, amptelike koerant van die NGK. Op 20 Junie 1997 skryf Fritz Gaum o.a. die volgende:*

Maar ek sal nie dr. Naudé se brief onderteken nie.

Want in die proses om van die verkeerdhede van een stelsel ontslae te raak, het dr. Naudé alte kritiekloos met die voorstanders van 'n ander slegte stelsel saamgewerk. Onder diegende wat sy makkers in die anti-apartheidstryd was, was mense wat die Kommunistiese stelsel wat elders soveel leed aangerig het, hierheen wou oorplaas: Kommunisme nes dit in die slegte ou dae in die Sowjet-Unie bedryf is. En die metodes wat hulle in die 'struggle' gebruik het, was dikwels net so onaanvaarbaar en afstootlik soos sommige van die apartheidstryders s'n.

Het dr. Naudé ooit onomwonde daarteen standpunt ingeneem? Gaan hy saam met sy strugglegenote hulle wandade bely soos hy dit nou in die 'ope brief' saam met die evangeliedienaars wil doen?

Ongelukkig bely dr. Naudé se brief net eenkant toe. En natuurlik kan die predikante wat nagelaat het om duidelik genoeg standpunt in te neem teen die apartheidsbewindhebbers van weleer, nie ook bely

namens diegene van die struggle wat van God en sy gebod niks wou weet nie en allerlei gruwelikhede aangevang het nie. Maar dr. Naudé kan. Hy was saam met hulle in die stryd. Dalk moet hy nog 'n brief opstel wat hulle dan kan onderteken en wat ook aan die WVK voorgelê kan word...?

* * * * *

## Skrifoordenking:

## WIE BEWERK DIE ELLENDE IN DIE KERK?

Ds. F.J Bijzet.

(Uit: "Die Here, Hy is God." 8 preke oor die werk van die profeet Elia, Verkrygbaar by Verspreidingsaksie Gereformeerde Literatuur, 24 ste Laan 341, Villieria 0186, Pretoria.)

Twee verbete teenstanders, Agab en Elia, ontmoet mekaar. 'n Vereerder van die Here en 'n aanbidder van Baäl. Tog staan hier twee broeders teenoor mekaar. Twee broeders in die kerk. Die koning en die profeet binne die volk Israel was die ampsdraers wat God aangestel het om aan sy kerkvolk leiding te gee.

### Twisgesprek of Smeulbrand

God se volk is dan ook die sentrale onderwerp van gesprek in hierdie dramatiese ontmoeting. Hulle stry nie oor 'n persoonlike geskil nie; hulle konflik gaan oor kerksake. Die een verwyt die ander dat hy Israel in beroering gebring het, met ander woorde die kerk in ellende gedompel het. Liewer 'n vurige gesprek as 'n smeulbrand. Liewer 'n openlike twisgesprek wat die vonke laat spat, as 'n gevaarlike afwyking in die kerk wat nie openlik bespreek word nie maar ondergronds sy verwoestende werk doen. 'n Heftige gesprek kan darem heilsaam wees omdat dit ten minste duidelikheid bring. Die verskille kom op die lappe en kan aangepak word.

### 'n Uitdaging

Dis dié dat Elia koning Agab tot 'n openlike botsing uitgedaag het. Na drie en 'n halwe jaar droogte kry Agab die mededeling dat Elia terug is en op die koning staan en wag. Elia staan nie self skielik voor die koning nie. Hy daag die koning uit: Agab moet na Elia kom. Die koning in Israel behoort te luister na die profeet in Israel. Die koning word gedwing om te kies. Gaan hy die profeet ignoreer? Stuur hy 'n afdeling soldate om daardie onrusstoker in Israel in hegtenis te neem? Of erken hy dat hy nie hierdie belangrike kneg van die Here kan misken nie en neem hy die uitdaging aan om Elia 'n slag in die oë te kyk?

Agab neem die uitdaging aan. Hy gaan na Elia toe. Ook hy is lus vir 'n harde botsing. Agab val beslis nie voor Elia se voete, soos Obadja nie. Inteendeel, hy kyk hom woedend in die oë en byt hom: "Is jy daar, jy wat Israel in beroering bring ?". In sy verwyt is dit duidelik: Elia het 'n gemors gemaak en onrus veroorsaak, hy het weinig goeds vir Israel gebring. Hy het die kerk 'n slegte diens bewys.

### Voorspoed vir die Volk

Hoe durf Agab sommer Elia die skuld gee vir die ellende waarin Israel verkeer? Agab kyk eenvoudig na die feite soos elkeen dit kan waarneem. En dan kyk hy nie eens na homself nie. Hy was, toe Elia hom kom roep het, op pad om gras vir sy diere te soek. Die oorlewing van sy eie rydiere was vir hom belangriker as die behoud van God se skape. Wat het Elia vir Israel aangedoen? Hy wat Agab is het in sy regering die beste vir Israel gesoek. Hy wou die volk voorspoed en vrede skenk. Vrede deur 'n goeie verstandhouding met die omliggende volke, en voorspoed deur goeie handelsbetrekkinge. Agab was 'n goeie diplomaat. Hy het kontak bewerk met die groot handelsentrums van daardie dae in die Midde-Ooste: Tirus en Sidon. Hy het ook die godsdiens van Tirus en Sidon in Israel ingevoer. Maar wie sal hom verkwalik? Dit is mos duidelik dat die Baäls van daardie volk op die oomblik die meeste voorspoed bring. Dis tog 'n aanwysbare feit. En dit het van toe af goed gegaan met Israel.

### Elia as die Skuldige

Totdat hierdie Elia skielik in sy paleis gestaan het en met een vloekwoord Israel in hierdie ongeluk gestort het. Mens kan nog verstaan dat Elia dit moeilik aanvaar dat die ou godsdiens met 'n nuwe een vervang is. Maar wat het dit Israel in die sak gebring? Net die ene ellende. 'n Mens kan mos sien dat die HERE-tyd verby is. Agab is klaar met die Here en sy profete. Hy beskou Elia as die hoogskuldige van die huidige ellende waar Israel hom in bevind. Sy roep om terugkeer na die Here se gebooie het glad niks goeds opgelewer nie. Hy maak direkte afleidings uit die waarneembare feite, en hy gee Elia die skuld, eintlik gee hy vir die HERE die skuld.

### Ons Heiland gesien as Onrussstoker

Wanneer wêreldse mense so oppervlakkig te werk gaan, hoef dit ons nie te verbaas nie. Dit gebeur dikwels dat die christene die skuld kry vir alles as daar êrens iets skeef geloop het. Maar wanneer ook in die kerk 'n beskuldigende vinger gewys word na iemand wat die eer van die HERE met

woord en daad wil hooghou, wys dit jou hoe 'n diep verval daar in die kerk ingetree het. Agab se geval bewys dit. En Agab was geen uitsondering nie.

Ons eie Heiland self is as 'n onrusstoker deur sy eie volk uitgewerp en aan die kruis geslaan. Sy preke was te skerp, sy aandrang om bekering te lastig. Hoor wat sê die owerpriesters, die hoogste ampsdraers in Israel: "As ons Hom laat begaan, kom daar soveel onrus dat die Romeine sal kom en ons land en nasie albei sal afneem (Joh 11:48). Met dié aanklag bring hulle Jesus dan ook vervolgens na Pilatus toe: Hy maak die volk oproerig (Luk 23:5). Die owerpriesters soek rus. Die lewe was mos goed toe Jesus begin optree het. Hoekom moes hy daaraan begin krap? Talle getroue dissipels van Christus moes al dieselfde smaad dra: terwyl hulle hul in die kerk beywer vir gehoorsaamheid aan God se gebooie alleen, is hulle deur hulle eie broeders en susters, deur mede-ampsdraers, uitgemaak vir oproermakers, mense wat die rus en die vrede in die kerk versteur.

### Ons Leraars gesien as Onrusstokers

Kom ons kyk eerlik na onsself. Wat is die reaksie as daar in 'n preek 'n saak aan die orde gestel word waarvan almal weet dat dit 'n teer punt in die gemeente is? Hoeveel broeders en susters staan na die diens op die kerkplein hul verontwaardiging en lug dat die dominee met dergelike preke die mense die kerk uitjaag? Hoeveel voel dat daardie preek dalk die rus in die gemeente sal versteur? Gebeur dit nie maar dikwels dat die ampsdraers wat maar net hulle werk gedoen het wat die Here hulle opgedra het, dan as lastige onrusstokers beskou word nie?

Maar is daardie verwyte billik? Wie veroorsaak werklik onrus en onheil in die kerk? Hy wat God se gebooie preek? Of almal wat God se gebooie breek?

Elia stuur Agab se verwyt reguit terug na sy afsender: "Ek het Israel nie in beroering gebring nie. Dis jy en jou familie..." Wat het Elia eintlik verkeerd gedoen? Hy het die koning en volk daaraan herinner dat die egte en duursame rus en voorspoed alleen by die Here te vinde is. 'n Mens moenie die oënskynlike vrede en welvaart op die korttermyn probeer gryp nie. Want daar kom jy bedroë uit.

### Liewer 'n Vurige Gesprek

Agab self, in navolging van sy vaders, is die eintlike skuldige. Hy het die ellende oor die kerk gebring. 'n Ampsdraer dra naamlik 'n groot verantwoordelikheid. Hy is die voorganger vir die hele volk. As hy, as die herder, die skape van die regte pad af lei en hulle stort in die afgrond, sal die Here hul bloed van sy hand eis. Laat ons bly wees oor ampsdraers wat nie bang is vir openlike konfrontasie met die sonde nie. Dit kan soms harde gesprekke afgee. Maar liewer 'n vurige gesprek as 'n smeulbrand. Want so 'n vuur dien darem tot ons vrede.

* * * * *

## CALVYN OOR DIE RÖL VAN DIE OWERHEID

Dr. D. F. du Plessis
(Uit: "Johannes Calvyn en Afrikanerprotes: 'n vergelykende studie van die uitgangspunte en media van protes", Unisa).

In sy brief aan Koning Frans I in die voorwoord van die "Institusie" skryf Calvyn dat van die koning verwag word "om te erken dat hy self in die regering van sy ryk 'n dienaar van God is. 'n Koning wat in sy ryk nie so regeer dat hy die heerlikheid van God dien nie, beoefen nie regering nie, maar roof.

### Verhouding tussen Kerk en Staat

McGrath (1993) sê dat Calvyn se standpunt oor die verhouding tussen kerk en staat inhou dat die politieke owerheid nie toegelaat mag word om die geestelike gesag op te hef nie. Terselfdertyd word die Anabaptiste se anargistiese houding dat die geestelike gesag die politieke owerheid ophef, ook verwerp. Wanneer die huidige bedeling na die oordeelsdag tot 'n einde kom, sal daar geen politieke owerheid meer nodig wees nie, maar in hierdie sondegebroke werklikheid is politieke gesag noodsaaklik. In die Institusie (hfst. 4.20.2) noem Calvyn dat "as dit dan God se wil is dat ons vreemdelinge op aarde moet wees terwyl ons na ons ware vaderland streef, het ons vreemdelingskap inderdaad sulke hulpmiddels (burgerlike regering) nodig. Diegene wat 'n medemens sulke hulpmiddels ontneem, ontruk hom aan sy menslikheid". Beide die politieke owerheid en kerklike gesag het vir Calvyn dieselfde taak. Die verskil tussen hulle is daarin geleë dat hulle instrumente van gesag, sowel as hulle onderskeie sfere van gesag, verskil. Hulle verantwoordelikhede is aanvullend eerder as kompeterend. Die kerklike gesag en die politieke gesag is beide dienaars van dieselfde God en is verbind tot dieselfde saak.

Calvyn praat in die Institusie (hfst. 3.19.15) van 'n tweevoudige regering in die mens, naamlik: eerstens 'n geestelike regering waardeur sy gewete tot godsvrug en tot diens aan God onderrig word, en tweedens 'n burgerlike regering waardeur die mens opgevoed word om die pligte van medemenslikheid en burgerskap, wat onder mense nagekom moet word, te doen. Hy noem dit 'n geestelike jurisdiksie en 'n tydelike jurisdiksie waarvan eersgenoemde verwys na die sielelewe en laasgenoemde na die dinge van hierdie lewe. Die geestelike jurisdiksie is innerlik in die gemoed gevestig (geestelike ryk) en die tydelike jurisdiksie rig die uiterlike sedes (burgerlike ryk). Calvyn maan dan dat hierdie twee altyd afsonderlik ondersoek moet word, aangesien hulle binne die mens soos twee wêrelde is, waaroor verskillende konings en wette beheer kan uitoefen. Hy maak hierdie onderskeid om te voorkom dat dit wat in die Evangelie in verband met geestelike vryheid geleer word, verkeerdelik na die burgerlike orde oorgeplaas word asof Christene hulle na die uiterlike regering minder aan menslike wette hoef te onderwerp, omdat hulle gewetens dan voor God vry sou wees...

Die stryd wat Calvyn in Geneve gevoer het, was juis om die verhouding tussen kerk en staat so suiwer as moontlik volgens die Bybel te stel. Die grootste deel van Calvyn se werktyd in Geneve is juis deur hierdie vraagstuk in beslag geneem, deurdat hy voortdurend in stryd was met die gesag wat die kerk wou oorheers en aan hom wou voorskryf. Hy het hom beywer vir 'n vrye kerk in 'n vrye staat. Alhoewel beide kerk en staat teenoor mekaar vry behoort te wees, is albei egter gebonde aan die eise wat God aan elkeen stel.
Calvyn (Inst.4.20.1-2) toon aan, op grond van uitsprake van Paulus in Gal 5:1 en 1 Kor 7:21, dat geestelike vryheid goed met politieke onderdanigheid kan saambestaan. Hy wys ook daarop dat dit van geen belang is "watter toestand jy onder mense beklee nie, en onder watter volk se wette jy leef nie, want Christus se koninkryk is geensins in hierdie dinge geleë nie."

## Die Bestaan van die Owerheid

Calvyn (Inst 4.20.4) noem dat God nie alleen die taak van die owerheid goedkeur nie, maar dat Hy dit met besondere aansien beklee. So noem God almal wat 'n owerheidsamp beklee "gode", wat dui op die opdrag wat God aan hulle gee, sowel as die Goddelike gesag waarmee hulle beklee is. In 'n sekere sin tree hulle as God se plaasvervangers op. Die burgerlike mag is 'n roeping wat nie alleen voor God heilig en wettig is nie, maar ook "uiters heilig en in die hele lewe van die sterflike mense by verre die eerbaarste van almal" is.
Die owerhede beskik dus oor 'n roeping en hulle moet dit voortdurend as sodanig beleef, aangesien dit hulle tot hulle "plig opwek maar ook vertroos" om die probleme van hulle amp te verlig. As diegene wat 'n owerheidsamp beklee, in gedagte hou dat hulle plaasvervangers van God is, sal hulle "met alle sorgsaamheid, deeglikheid en ywer waak om vir die mense 'n beeld van Goddelike voorsienigheid, bewaring, goedheid, welwillendheid en geregtigheid weer te gee". Hulle is God se gesante wat aan Hom rekenskap moet gee oor die uitvoering van hulle taak. Wanneer hulle hul plig versuim, veronreg hulle nie alleen die mense nie, maar krenk hulle God self (Inst.4.20.7).

Die burgerlike regering is nie slegs daarop gerig om mense "asem te laat haal, te laat eet, drink en hulle te onderhou nie ... maar ook dat geen afgodery, geen heiligskennis teen God se Naam, geen laster teen sy waarheid en ander ergernisse teen die godsdiens in die openbaar sou ontstaan en onder die volk uitgestrooi word nie" (Inst.4.20.3). Verder moet die burgerlike regering ook toesien dat die openbare rus nie verstoor word nie, dat elkeen dit wat aan hom behoort, veilig en ongeskonde mag behou, dat mense onderling ongestoord handel mag dryf en dat eerbaarheid en selfbeheersing onder hulle geëerbiedig word. (Inst.4.20.4)

## Plig van die Owerheid

Die plig van die owerheid is eerstens om die Christelike godsdiens te beskerm en om God se eer te verdedig, omdat hulle sy plaasvervangers is wat deur sy weldadigheid regeer. Die tweede plig is om as beskermers en regters aangestel te wees met die oog op "openbare onskuld, beskeidenheid, eerbaarheid en rustigheid. Hulle enigste belangstelling moet wees om vir die algemene welvaart en vrede vir almal te sorg ... Owerhede kan dit egter nie bereik nie, tensy hulle goeie mense teen die onregte van goddelose mense beskerm, onderdruktes met raad en daad onderskraag en hulle ook met die mag bewapen om kwaaddoeners en misdadigers openlik en streng te straf omdat die openbare rus deur hulle misdadigheid in oproer gebring of versteur word". (Inst.4.20.9)

Calvyn toon uit die Bybel aan (Inst.4.20.10) dat die owerheid oor die swaardmag beskik om onreg te straf - selfs met die dood. Die owerheid moet nie uit willekeur strawwe uitdeel nie, maar moet die oordele van God tot uitvoer bring. Aangesien die wet van God moord verbied, gee Hy die swaard in die hand van sy dienaars om dit teen alle moordenaars te ontbloot. Calvyn sê dat "sagmoedigheid die vernaamste gawe van vorste is. Intussen moet die owerheid toesien dat hy nie óf deur uitermatige strengheid mense krenk eerder as genees nie, óf met bygelowige vertoon van sagmoedigheid in die wreedste vorm van onmenslikheid verval as hy in 'n sagte en

onverskillige genadigheid tot verderf van mense opgaan nie".

## Die Reg tot Oorlog

Hierdie argument word deur Calvyn opgevolg in die volgende twee afdelings (Inst 4.20.11-12) waarin hy die owerheid se reg en plig tot oorlog verdedig. Hy redeneer dat aangesien owerhede soms die wapens moet opneem om openbare vergelding (soos teen moordenaars) uit te voer, daaruit afgelei kan word dat oorloë wat so gevoer word, wettig is. Die swaardmag is aan die owerheid gegee om die rustigheid van hulle regering te verdedig, die oproerigheid van rustelose mense te onderdruk, diegene wat met geweld onderdruk is, te help en bose dade te straf. Calvyn vergelyk dit met die plig van die owerheid om rowers, wie se optrede slegs 'n paar mense raak, te straf. Op dieselfde wyse mag hulle nie toelaat dat 'n hele landstreek deur rooftogte geteister word nie. Hy sê dit is "van geen belang of dit 'n koning of iemand uit die laagste stand van die volk is wat sonder enige reg daartoe 'n ander se land inval en dit vyandig plunder nie. Hulle moet almal eweveel as rowers beskou en gestraf word". Owerhede moet dus nie alleen persoonlike misdade met geregtelike strawwe bedwing nie, maar ook landstreke wat aan hulle toevertrou is met oorlog verdedig wanneer dit vyandig aangeval word.

## Geen Persoonlike Willekeur nie

Calvyn kwalifiseer egter hierdie plig deur te stel dat owerhede daarteen moet waak om ook hierin nie aan hulle eie begeertes gehoorsaam te wees nie. As straf gewens is, moet hulle nie deur blindelingse woede en haat meegesleur word nie, maar moet hulle selfs medelye betoon met die algemene natuur van die een wat hulle oor sy oortreding straf. Ook as hulle wapens teen 'n vyand opneem, moet hulle nie ligtelik 'n rede daarvoor soek nie. Selfs as so 'n rede hom voordoen, moet hulle dit nie aanvaar nie, tensy hulle deur die uiterste nood daartoe gedryf word. Alles moet eers beproef word voordat dit met wapens besleg word. Calvyn beklemtoon dat die regeerders nie mag toelaat dat hulle deur persoonlike gevoel meegesleur word nie, maar dat hulle hulle slegs deur die openbare belang moet laat lei.

## Belasting

'n Verdere plig van die staat is om belasting en fondse in te samel (Inst.4.20.130. Volgens Calvyn is belasting en staatvorderings 'n wettige inkomste van vorste. Hierdie fondse moet gebruik word om die openbare laste van hulle amp te dra en dit kan ook gebruik word om hulself te vergoed - soos wat Dawid en ander konings volgens die waardigheid van hul amp weelderig van staatsfondse geleef het. Hulle moet egter daaraan dink dat belastings die skatkis van die volk is en daarom verontreg hulle die volk as hulle dit verkwis of verspil. Calvyn noem dat belastings byna gesien kan word as die bloed van die volk en as dit nie spaarsamig gebruik word nie, maak die owerheid hom skuldig aan die wreedste onmenslikheid. Belastings is hulpmiddels wat bedoel is om die openbare nood te verlig en dus is dit tirannie en roof om arm mense sonder rede daarmee te belas. Soos wat die vorste alles wat hulle aanpak voor God moet verantwoord, moet hulle ook in geldsake weet hoeveel hulle geoorloof is. Die gewone mense moet op hulle beurt nie elke uitgawe van vorste ondeurdag en voortvarend beskinder nie - al sou dit die gewone en burgerlike perk te buite gaan.

## Billikheid as Maatstaf

In die Instutisie (4.20.14) noem Calvyn dat wette die uiters kragtige senuwees van die staat is. "Daarsonder kan geen owerheid bestaan nie. Aan die ander kant, het wette geen krag sonder 'n owerheid nie. Daarom kan niks met groter waarheid gesê word as dat die wet 'n stom onderwyser is en die owerheid 'n lewende wet nie". Volgens Calvyn (Inst 4.20.16) beskik alle wette oor twee aspekte, naamlik die wetsbepaling en die billikheid daarvan. Billikheid is iets natuurlik en daarom behoort dit by alle volke dieselfde te wees. Alle wette moet dus dieselfde doelstelling van billikheid hê. Omdat wetsbepaling deels afhanklik is van die heersende omstandighede, verskil dit van plek tot plek en van tyd tot tyd. Dit is egter geen probleem dat wette verskillend is nie - mits hulle eweveel die doelstelling van billikheid beoog.

* * * * *

# DIE WOESTYN- EN BABILON-MOTIEF
## Ons christelike kultuurtaak.

Dr C. Van der Waal
(Verkorte toespraak voor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, Bloemfontein, 1980.)

Die pelgrims- en vreemdelingsmotief verbind hom in meditasie en gesange met die woestyn-motief. Soos Abraham moes trek, moet ons siel ook na die hemel pelgrimeer. Soos Israel deur die woestyn moes trek, moet ons ook trek deur die woestyn van die lewe. Eksemplaries-allegories word die Eksodus-verhale gebruik om die Christene soos Israel na die hemelse vaderland te laat reis. Hierdie siening beroep hom partykeer op Openbaring 12 waarin die vrou, die kerk wat Christus gaan voortbring, geteken word as vlugtende na die

woestyn waar sy gevoed word.

In hierdie verband kan die volgende opgemerk word:

⋆ Voorstanders van verwerping van die eksemplariese uitleg en prediking is geneig om hierdie woestyn-motief in 'n kulturele sin op te vat. Die "woestyn" is dan aanduiding van die feit dat die kerk hier maar vreemdeling is en 'n beperkte kulturele roeping het. Haar taak lê veral in die verkondiging van die Woord. Die kultuur is in feite in die hande van die Draak en die Dier. 'n Dergelike kulturele interpretasie bevorder weer die eksemplariese interpretasie.

⋆ Die eksodus-motief word verder vandag deur die rewolusionêre teologie van bevryding gehanteer. "Let my people go!" Ook hier weer 'n kulturele toepassing, maar dan in die sin dat die bestaande kultuur verlaat moet word en dat die strukture van die "establishment" kapot geslaan moet word, wanneer ons deur eie kragte 'n nuwe heilstyd wil bewerkstellig. Ons sien hier hoe gevaarlik die eksemplariese metode werk. Is Israel se eksodus vir die een 'n "tipe", 'n prefigurasie van die Groot Trek en vir die nasionale voortbestaan van Suid-Afrika, vir die ander is dit 'n sein om wat hier opgebou is, hardhandig af te breek om so 'n nuwe era te skep.

⋆ Die uitgangspunt dat "woestyn" allereers 'n kulturele of liewer a-kulturele beeld is, kan egter bevraagteken word. Dis eerder so dat dit in die Skrif 'n heilhistoriese betekenis het. In die woestyn het die HERE aan Israel sy oordeel en sy genade laat sien. "Woestyn" kom dan ook voor om altwee uit te druk.

## Oordeel

In 1 Kor 10:1-12 hou Paulus die woestyngenerasie soos 'n waarskuwende prefigurasie aan die kerk voor. Soos hulle teen die Here gerebelleer het en gestraf is, so sal die Nuwe Testamentiese kerk ewemin die oordeel ontgaan wanneer sy dink dat sy maar op haar louere kan rus. Die vaders het in die woestyn die manna geëet en gesterf (Joh. 6:49). Die vaders het nie na die stem van die Here geluister nie en daarom het Hy 'n afkeer aan hulle gehad, veertig jaar lank, en hul beendere het gebleik in die woestynson (Heb. 3:17). Hulle het nie die "rus" ingegaan nie. "Woestyn" is dus 'n oordeelsimbool (Jer. 22:6, Eseg. 12:19, 20, 14:15, Hos. 2:2, Op 17:17).

## Genade

In Hosea 13:5 sê die Here: Ek het jou in die woestyn geken, dit wil sê: Ek het goed met jou omgegaan. Voor die oordeel in die woestyn het daar die talryke genadebewyse gelê. Paulus herinner ook daaraan. Messiaanse seëninge was hul deel, maar Hosea moet konstateer dat hulle hul hart verhef het. In die merendeel van hulle het God geen welgevalle gehad nie, sê Paulus in 1 Kor. 10:5, maar hulle liggame is neergevel in die woestyn.

Nogtans: dit was 'n plek van Messiaanse heilswonder. Daarom sluit die messiaanse profesie die toekomstige genade tog weer by die woestyntyd aan. Dit was die tyd van die eerste liefde. Die HERE sal die vrou Israel help en lei in die woestyn. Dan sal sy sing soos in haar jeug toe sy opgetrek het uit Egipte. 'n Herhaling van die lied van Moses by die Rietsee (Hosea 2:13-14). Die woestyn het aan die verbondsluiting by Sinaï herinner.

⋆ Wanneer nou in Open 12 die woestynmotief voorkom, word hiermee nie uitgedruk dat die kerk maar a-kultureel sal wees of dat die gelowiges net vir die kos moet sorg, en verder geen kulturele taak het nie. Hier word uitgedruk dat die Here vir sy kerk sal sorg soos in haar jeug toe sy opgetrek het uit Egipte. Aan die vrou word die twee vleuels van die groot roofvoël gegee. Dit verwys terug na Eks. 19:4 en Deut. 32:11,12 (die tweede lied van Moses). Dit spreek nie van wêreldvermyding of kultuurontvlugting nie, maar van moontlikheid om gevare wat dreig, te ontvlug.

Ons kan in verband met die laaste by name dink aan die situasie van die Christene in Jerusalem en omstreke wat ook die bevel van Christus gehad het om uit Jerusalem te gaan wanneer die gruwel van die verwoesting in Jerusalem sigbaar sou wees (konkreet die terreur van die Selote).

⋆ 'n Bevestiging van die opvatting van "woestyn" as 'n messiaanse genade-motief vind ons in die feit dat die selotiese kringe die woestyn beskou het as 'n afspringplek vir die bevryding van Jerusalem. Ons kan by Flavius Josefus lees hoe bendeleiers hulle mense daar versamel het. (Vgl. ook Hand 21:38 waar Paulus met so 'n guerilla-hoofman verwar is). Let verder op die vermaning van Christus om geen ag te slaan op die "evangelie" dat die messias "in die woestyn" is nie. Selfs toe die tempel reeds deur die Romeine ingeneem was, het die laaste verdedigers nog vrye aftog na die woestyn gevra. "Woestyn" fungeer dus nie anti-kultureel op Open 12 nie. Dit plaas teenoor die selotiese pseudo-profetiese heilstydassosiasies die Christelike verwagting insake die bewaring en vermeerdering van die kerk.

## Die Babilon-motief

Die vrou van Open 18 word in daardie hoofstuk soos 'n stad geskilder. Die naam daarvan is: Babel. Vrywel die meeste kommentare stel dat die Babilon van Openbaring met Rome gelykgestel

moet word. Ook word dit wel futurologies as die wêreldstad van die toekoms verklaar. Op goeie grond kan egter gesê word dat hierdie benadering heeltemal verkeerd is. Uit die veelheid van argumente noem ons enkele:

⋆ Uit die eerste drie eeue van ons jaartelling kan geen getuienis, wat 'n identifikasie van die Romeinse ryk met Babilon begunstig, aangehaal word nie. Dit is juis so dat die kerk vir die vrede van die Romeinse ryk gebid het.

⋆ Rom. 13:1-7 wat tydens Nero geskryf is, laat sien wat die Nuwe Testament in hierdie opsig leer. Dis ongeoorloof om binne die Nuwe Testament 'n dialektiese opvatting aan te neem wat die owerheid enersyds 'n dienaar van God noem, dog andersyds dit soos 'n demoniese mag beskou. Slegs indien die owerheid dwing om die belydenis te verloën, moet gehoorsaamheid geweier word.

⋆ Die Babilon-interpretasie het onder invloed van neo-platoniese en dualistiese gedagtes van die Wederdopers en geesdrywers in die tyd van die Reformasie, tot die identifisering van die bestaande owerhede met "Babilon" gelei. By Luther en Calvyn sien mens egter dat "Babilon" 'n kerklike interpretasie kry.

⋆ Ons sal Babilon in Openbaring ook kerklik moet opvat. Die groot stad word hiermee aangedui en dit is Jerusalem voor die jaar 70, die stad van die verbond. In Open. 11:8 word reeds van die groot stad gespreek. Dit word tipologies "Sodom" en "Egipte" genoem. Tewens dit word gesê dat die Here daar gekruisig is. Dit kan nie anders as Jerusalem wees nie. Watter reg het ons dan om in Openbaring 18 nou opeens die groot stad 'n kulturele en politieke toepassing te gee en hiervan Rome of die stad van die toekoms te maak?

⋆ Openbaring 18:4 gee by 'n kulturele interpretasie wel moeilikhede. "Gaan uit haar uit, my volk". Moet ons uit die wêreld uitgaan? Paulus sê in 1 Kor 5:10 dat so iets onmoontlik is. Open 18:4 is 'n ander lesing van Matt 24:15,16, soos ook Hebr 13:13-14 dit in 'n mate is. Hier klink geen anti-kulturele bevel nie. Hier klink 'n kerkbevel. Jerusalem moet verlaat word omdat die wraak van die verbond hom daarbo saampak.

By Open. 18:4 staan ons dus midde in die "kerk-sinagoge"-konfrontasie. Die gemeente van Jesus Christus is geroep om haar antiteties op te stel teenoor valse profesie en pseudo-messiaanse maniere om die kerk te vergader. Sy is egter nie geroep om in die spelonk te kom wegkruip nie, tensy dit tydelik is om te kan oorleef. Die Bybel stel hom nie anti-kultureel op nie. Wel anti-valse profesie.

## Geen blywende stad nie

Hebr 13:14 word gebruik om op 'n verhuising of 'n sterfgeval te sinspeel. Geen stad wat blywend is nie. Dit word egter ook in 'n piëtistiese samehang gebruik wat stel dat ons aardse bestaan maar bysaak is en dat ons as Christene 'n kulturele pessimisme of werkloosheid moet voorstaan. Niks is immers blywend nie.

Hebr 13:14 moet egter in die konteks van die ganse brief gelees word. Die tempel in Jerusalem is nog in aksie. Donker wolke pak hulle egter daarbo saam (Hebr 8:13, 10:25, 12:22-25). Die Here kom met sy oordeel oor die verwerping van sy stem. Soos die woestyngenerasie neergevel is, sal ook "hierdie geslag" wat die evangelie verwerp, getref word. Daarom moet die christene nie dros en na die front van die tempel en sinagoge terugval nie. Hulle moet eerder die bande daarmee breek en om Christus ontwil smaadheid verduur.

Jerusalem het deur sy ongeloof 'n stad geword wat vergaan, wat nie kan bly nie. Daar is egter die hemelse stad, die toekomstige Jerusalem. Daarvan is ons burgers deur die geloof. En daardie stad ken die fondamente (Heb. 11:10). Dit is blywend soos die Woord (Hebr 12:27). Hebr 13:14 is allereers kerklik bedoel. Dit het so 'n kulturele interpretasie, maar dan juis in die sin dat slegs dit wat nie wankelbaar is nie, deur die geloof bly.

⋆ ⋆ ⋆ ⋆ ⋆

## WIE KAN?

### Prof. Klaas Schilder

Oorgeneem en verwerk uit *Schriftoverdenkingen* 1915-1933

*Toe sy dissipels dit hoor, was hulle baie verslae en sê: Wie kan dan gered word?* Matt 19:25

Om rykdom te veroordeel, dit is nie elkeen se taak nie.

Alleen maar hy wat naas die rykaard, voor God neergevalle is; wat, sonder om aandeel te wil hê aan die ander se vleeslike rykdom, deelagtig geword het aan 'n gemeenskaplike geestelike armoede.

Die dissipels van Jesus gee ons 'n voorbeeld daarvan.

As Jesus spreek oor die besware van die rykdom, dan kom Hy tot die benouende woord van die

hemel dat dit "makliker vir 'n kameel is om deur die oog van 'n naald te gaan, as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan."

Talle mense uit sekere oorde - was dit nie hierdie week Meidag nie? - het die woorde van Jesus al aangegryp om daaruit munt te slaan. Dit is opmerklik hoeveel mense daar is wat van Christus se woorde niks wil weet nie, maar tog enkele van sy spreuke, wat hulle uit verband ruk (en daarom verkrag), in goud omlys en daarmee op hul propagandatogte te koop loop.

En so sê dié mense: Sien julle hoe die arme, besitlose Jesus die kapitaal vervloek? Hy het nie 'n goeie woord vir die besittende klasse oor nie. Hy lê die stinkende sonde van die kapitalisme bloot sonder uitsondering. Die ryke, met al sy goud, staan buite die koninkryk van die hemel!

Ja, het hulle verder gegaan, ons het dit juis teen die huidige christendom dat dié nie so kras soos Jesus die waarheid verkondig nie. Waar is die leerlinge van Jesus Christus in die teenwoordige tyd wat ook woorde van brandende verwyt in die rykaard se gesig kan slinger? Die kerklike christene - so word gesmaal - het die kapitalis omarm en daarmee het die woord van kameel en naald en rykaard 'n lastige teks geword.

Dié wat so spreek het bitter sleg gelees.

Eerstens: dit is geensins waar dat Jesus die ryke skel nie. Hy het self die goedere van ryk mense aangewend en dit in die diens van God se ryk opgeneem en aangeneem. Hy het nie vir die ryk jongman in sy gesig gesê dat dit so moeilik vir hom is om in die ryk Gods te kom nie. Dit het Hy agterna gesê aan sy dissipels. Nie omdat Jesus agteraf kwaad oor mense praat nie, maar omdat dit glad nie help as aan iemand die swarigheid van die ingang na die koninkryk van God voorgehou word, alvorens hy nog die eerste tree op dié weg gegee het nie.

Bowendien: Jesus het "hom liefgekry".

Voorts: as Jesus die verskriklike woord uitspreek van die ryke wat beswaarliker in die hemelryk ingaan as 'n kameel deur die oog van 'n naald, dan daal dié verskrikking op die hoofde van sy eie dissipels neer. Dan smaal hulle nie dat húlle tog soveel beter daartoe aangelê is as die rykaard nie. Nee, die skrik slaan hulle om die hart en dan kom dit uit: "Wie kan dan gered word?"

Wie?

As dit vir die rykaard moeilik is, is dit vir hulle geensins makliker nie.

Wie?

Dit vra die mense, wat alles verlaat het vir Jesus se saak, wat hulle bedryf en besittings agtergelaat het ter wille van die koninkryk der hemele.

Wie kan dan salig word?

Dit vra hulle, wat los van geld was, wat bereid was vir 'n geestelike worsteling waarvan hulle nie die einde kon voorsien nie en wat vele onder hulle se lewens gekos het. Dit vra die leerlinge van die Christus.

Die ryke word nie verdoem nie. Hulle kla slegs hulself aan.

En as hulle die man van die kaptaal sien, dan word hulle as gevolg van sy rykdom nie bitter teenoor hom nie. Maar hulle word verslae oor hulself, oor die verwantskap tussen sy sonde en hulle s'n.

En wie die onbarmhartige kapitalis vervloek, maar self ontbreek aan die waaragtige barmhartigheid, hy wil die liefdeloosheid bestry met liefdeloosheid, hy wil die duiwel uitdryf deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Hy sal die wêreld nooit verbeter nie.

Want die egte sosiale moraliteit is ten slotte daar waar die dissipels van Christus self begin om besorgdheid oor die suiwer lewenskuns in hul eie lewens te betoon. Die suiwer lewenskuns wat by die ryk jongman ontbreek. Die egte christendom is daar waar die vraag van die dissipels brand in die hart en op die lippe: as die ryke soveel het dat sy geestelike wasdom belemmer word, waar staan ek dan?

'n Eie sondebesef skreeu nie oor mense nie, maar kla oor die self.

Wie kan dan salig word?

Dit het die groot meederheid nog nie gevra nie - die duisende, wat hulself laat opsweep met mooi leuses van wêreldhervorming - leuses wat hulle ontleen aan dieselfde christendom wat hulle vertrap.

Maar wie dit vra in opregtheid, word getroos deur die Goddelike woord: die dinge wat onmoontlik is by mense, dié dinge is moontlik by God.

*****

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres: ..............................

..............................

..............................

Poskode: ..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..............................

Datum: .............................. Handtekening: ..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS